# ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK

**Lewendehawe Afslaers & Eiendomsagente Limpopo / Livestock Auctioneers & Estate Agents Limpopo**

**Reg no: 2010/157131/23 BTW no: 4160265254**

Plaas Tweefontein 463
Warmbad,
Limpopo
0480
Tel: 014 004 0028/9

Sel: 083 230 5805
Faks: 085 559 6647
Epos: adrekocklimpopo@sastud.co.za
Web: www.andrekocklimpopo.co.za

---

**HIERDIE IS DIE AMPTELIKE REËLS EN VERKOOPSVOORWAARDES (in terme van artikel 45 van Wet 68 van 2008 saam gelees met regulasies 18-38) BY VEILINGS GEHOU DEUR ANDRé KOCK EN SEUN/SON BK**

Alle veilings gehou deur André Kock & Seun BK (die AFSLAER) waarop lewendehawe en goedere (gesamentlik verwys as GOEDERE) vir verkoop aangebied of verkoop word geskied onderhewig aan hierdie reels en verkoopsvoorwaardes wat bindend op alle verkopers, kopers en ander aanwesiges op veilings is.

1 Die AFSLAER behou die reg voor om hierdie reëls en voorwaardes te wysig of aan te vul deur mondelinge kennisgewing voor of tydens 'n veiling en die gewysigde of aangevulde reëls en voorwaardes sal dan van toepassing wees op daardie veiling of die aangewese deel daarvan.

2 Hierdie verkoopsvoorwaardes doen nie afbreuk aan enige regte of verpligtinge wat voortspruit tussen die AFSLAER en 'n verkoper of die AFSLAER en 'n koper nie, wysig of vervang nie sodanige ooreenkomste nie en geld aanvullend daartoe.

3 AFSLAER het die reg om namens die eienaar van die GOEDERE asook namens André Kock & Seun BK te bie.

4 Wanneer die GOEDERE aangebied word om verkoop te word by die veiling in lotte, elke lot word, tensy daar bewyse is tot die teendeel, beskou as die onderwerp van 'n aparte transaksie.

5 Elke persoon wat namens 'n Maatskappy, Beslote Korporasie, Trust, Firma, Organisasie of Korporasie (hierin na verwys as "ander persoon") koop, **SAL** 'n skriftelike volmag indien wat aantoon dat hy gemagtig is om namens daardie ander persoon te koop, welke volmag die volgende sal aantoon:

5.1 Indien 'n koper namens 'n ander persoon bie, moet die volmag op 'n briefhoof van daardie ander persoon verskyn, gepaardgaande met 'n gesertifiseerde Resolusie wat hom magtig óm namens daardie ander persoon te bie;
5.2 Die totale bedrag waarvoor aangekoop word;
5.3 Die spesifieke goedere en/of lewende hawe wat aangekoop moet word;
5.4 Die maksimum prys wat vir die spesifieke goedere en/of lewende hawe betaal sal word met inaggenome Rand-per-Kilogram betreffende lewende hawe, BTW uitgesluit.

6. Alle kopers sal voorafgaande die veiling sy en sy prinsipaal, indien van toepassing, se identiteit registreer in terme van Hoofstuk 1 van die Finansiële Intelligensie Sentrum Wet **28** van 2001, met verwysing na die verifikasie van hulle identiteite en ook daarby teken. Die koper sal die "KOPER SE FAKTUUR" namens sy prinsipaal teken op so 'n wyse dat sy en sy genoemde prinsipaal se identiteite duidelik uit die faktuur blyk.

7. Geen bod sal geneem word vanaf 'n bieër wat nie behoorlik geregistreer het in terme van Regulasie **26** nie en wie se naam en identiteit nie verskyn in die bieërs rekord nie.

8. Waar die AFSLAER nié die eienaar of regmatige houer van die goedere en/of lewende hawe is nie, verklaar die AFSLAER dat hy 'n trustrekening het waarin álle gelde inbetaal sal word tot voordeel van die verkoper, minus die ooreengekome kommissie en uitgawes.

9. Die AFSLAER sal gedurende die veiling die rede vir die hou van die veiling aankondig ténsy die rede die gewone normale en vrywillige verkoop van GOEDERE is deur die eienaar.

10. Die kopers rekord na verwys in Regulasie **26** en die Vendurol in terme van Regulasie **28 (4)** is beskikbaar vir inspeksie tydens normale besigheidsure.

11. Die AFSLAER reël die bieëry en besleg enige geskille wat daaraangaande mag ontstaan in sy eie diskresie. Onderworpe daaraan dat die AFSLAER in sy diskresie enige bod mag weier en onderworpe aan enige reserweprys wat deur die verkoper op die GOEDERE geplaas is, is die maker van die hoogste bod van die koper en word die goedere aan hom verkoop by die aanvaarding van sy bod.

12. Alle verkope geskied streng vir **KONTANT** tensy die koper op aanvraag bewys lewer dat hy voor die veiling 'n KOPERSOOREENKOMS met die AFSLAER gesluit het.

13. Indien vooraf op die veiling krediet aan 'n koper wat nie 'n KOPERSOOREENKOMS gesluit het nie verleen word, geld die terme en voorwaardes van die AFSLAER se KOPERSOOREENKOMS ewe asof die koper sodanige ooreenkoms gesluit het en sal geen GOEDERE verwyder word alvores die koper die KOPERSOOREENKOMS onderteken en aan die terme en voorwaardes daarin uiteengesit voldoen nie.

14. Indien die AFSLAER voor of op die veiling krediet aan 'n koper verleen en die koper weier of versuim om op aanvraag 'n KOPERSOOREENKOMS te teken, verval die krediet onmiddellik en moet die koper die koopsom in kontant betaal alvorens die GOEDERE van die veilingsterrein verwyder word. Indien die GOEDERE reeds verwyder is, het die AFSLAER dieselfde regte as dié vermeld in paragraaf 16 hieronder. Daarbenewens word alle bedrae verskuldig deur die koper, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar, tesame met rente bereken teen die maksimum koers wat regtens toelaatbaar is en welke rente betaalbaar is vanaf die datum van die veiling en maandeliks deur die AFSLAER gekapitaliseer kan word.

15. Geen GOEDERE mag van die veiling verwyder word nie, alvorens die persoon waarop die bod toegeslaan is 'n "KOPER SE FAKTUUR" geteken het nie, en hy óf afdoende bewys gelewer het van die bestaan van die ooreenkoms waarna in paragraaf 13 verwys word óf krediet aan hom verleen is soos in paragraaf 14 bedoel.

16. Indien die koper GOEDERE van die veiling verwyder sonder om aan die voorwaardes in paragraaf 13 en 14 genoem te voldoen, of indien hy per tjek betaal het en die tjek word vir watter rede ookal nie by aanbieding deur die Bank betaal nie, is die AFSLAER geregtig om onmiddellik op die koste en risiko van die koper sonder hofproses die GOEDERE in bedslag te neem en te bewaar totdat dit weer opgeveil kan word. Die netto opbrengs van die veiling word, na aftrekking van die koste van beslaglegging en bewaring, sowel as enige ander koste wat die AFSLAER mag aangegaan het, op die koper se rekening gekrediteer en bly die koper aanspreeklik vir enige balans uitstaande op sy rekening by die AFSLAER, insluitende rente soos bedoel in paragraaf 14 hierbo.Die inhoud van hierdie paragraaf doen geensins afbreek van die inhoud en bepalings soos vervat in paragrawe 33 en 34.

17. Tensy die koper die teendeel bewys, word alle GOEDERE *voetstoots* verkoop en die AFSLAER is nie gebonde aan enige waarborg óf voorstelling van watter aard ookal wat deur die verkoper van die GOEDERE vóor of op die veiling gemaak word nie.

18. Die AFSLAER sal nie verantwoordelik wees vir enige skade deur of aan die GOEDERE terwyl dit onder sy toesig of die toesig van sy werknemers is nie, ongeag of sodanige skade veroorsaak word deur die nalatigheid van die AFSLAER en/of sy werknemers of deur wat ookal nie. Vir die doel hiérvan beteken "skade" ook die besmetting of siek word van lewendehawe vanweë watter rede ookal.

19. Alle risiko met betrekking tot die goedere berus ten alle tye by die verkoper óf die koper, na gelang van die geval, maar nooit by die AFSLAER nie.

20. Enige persoon wat wilde of gevaarlike diere op die veilingsterrein bring, hou of laat, sal verantwoordelik wees vir besering of skade wat sodanige diere aan mense of eiendom aanrig en word die AFSLAER onvoorwaardelik gevrywaar teen enige eise wat teen hom ingestel mag word voortspruitende uit sodanige skade of besering.

21. Geen *BONA FIDE* fout deur die AFSLAER gemaak is bindend op die AFSLAER, die verkoper óf die koper nie.

22. Enige inskrywings gemaak in die AFSLAER se veilingsdokumente sal afdoende bewys wees van die verkoop en koop van die GOEDERE soos daarin aangeteken.

23. Die reg van toegang tot veilings word deur die AFSLAER voorbehou en die AFSLAER is geregtig om sonder opgaaf van redes te weier om enige persoon op die veilingsterrein toe te laat.

24. Alle persone wat die veilingsterrein betree, doen dit op eie risiko en die AFSLAER aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade veroorsaak deur die besering van 'n persoon of die beskadiging van eiendom op die veilingsterrein nie, ongeag of dit veroorsaak is deur die nalatigheid van die AFSLAER en/of sy werknemers nie.

25. Indien die verkoper aan die koper uitstel vir betaling verleen, geskied dit op die verkoper se eie risiko en benadeel dit nie die AFSLAER se regte ingevolge hierdie verkoopsvoorwaardes óf die AFSLAER se KOPERSOOREENKOMS nie en sal dit nie uitdruklik, stilswyend of geimpliseerde novasie, wysiging en/of regstelling van hierdie verkoopsvoorwaardes en/of die KOPERSOOREENKOMS wees nie. Beide die verkoper en die koper erken en bevestig dat hulle gebonde is aan die bepalings, terme en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie verkoopsvoorwaardes en/of die AFSLAERS se KOPERSOOREENKOMS.

26. Geen reg van skuldvergelyking tussen die koper en die verkoper of tussen die koper en die AFSLAER of tussen die verkoper en die AFSLAER sal deur die AFSLAER erken word nie en die verkoper en koper doen afstand van enige reg om sodanige skuldvergelyking toe te pas. Hierbenewens is die koper ook aanspreeklik om betaling van die GOEDERE aan die AFSLAER te maak ten spyte van enige geskil wat tussen hom en die verkoper mag bestaan of ontstaan. Hierdie paragraaf word egter nie so uitgelê dat dit die koper enige reg van aksie teen die verkoper ontneem nie.

27.1 Die AFSLAER onderneem om die koopprys wat die GOEDERE behaal, aan die verkoper te betaal. Die AFSLAER sal geregtig wees om sy kommissie bereken teen die maksimum koers wat regtens betaalbaar is op die koopprys en soos skriftelik ooreengekom, asook enige ander gelde wat deur die verkoper aan hom verskuldig en betaalbaar is, in verrekening te bring teen die koopprys.

27.2 Die verkoper vrywaar die AFSLAER onvoorwaardelik teen enige eise wat die koper van die GOEDERE teen die AFSLAER mag instel op grond van enige waarborge of voorstellings wat deur die verkoper aan die koper gemaak is of wat voortspruit uit die verkoop van die GOEDERE.

27.3 Die verkoper waarborg dat hy die eienaar is van die GOEDERE en indien hy nie die eienaar is nie, waarborg hy dat hy deur die eienaar gemagtig is om die GOEDERE te verkoop en om die eiendomsreg daarin, soos hier en later uiteengesit, oor te dra. Indien hy geen magtiging het nie, onderneem hy om alle verpligtinge teenoor die AFRSLAER na te kom asof hy die eienaar is of magtiging gehad het.

27.4 'n Verkoper van GOEDERE op die veiling wat nie die magting van die eienaar of regmatige besitter van die GOEDERE het of gehad het om die GOEDERE te verkoop nie, vrywaar en idemnifiseer die AFSLAER onvoorwaardelik teen enige eise wat die eienaar, regmatige besitter of koper teen die AFSLAER mag instel, wat op enige wyse ontstaan of voortspruit uit die verkoop van GOEDERE deur die verkoper sonder die nodige magtiging.

27. Die AFSLAER waarborg egter nie teenoor die koper dat die koper eiendomsreg in die goedere sal verkry of in vrye en ongestoorde besit daarvan gelaat sal word nie.

28. Die verkoper moet, onmiddellik nadat die GOEDERE verkoop is, die AFSLAER se "VERKOPER SE FAKTUUR" onderteken alvorens betaling soos bedoel in paragraaf 27.1, aan hom gemaak word.

29. Die AFSLAER is geregtig om te weier om enige GOEDERE namens 'n verkoper op 'n veiling te verkoop of vir verkoop aan te bied.

30. Teen betaling van die koopsom deur die AFSLAER aan die verkoper, sedeer die verkoper alle regte, titel en belang in alle vordering wat hy as gevolg van die verkoop van die GOEDERE teen die koper verkry, sowel as enige beskikkingsregte wat hy oor die goedere mag hê, aan die AFSLAER oor, indien die koper 'n persoon is aan wie die AFSLAER krediet verleen het vir betaling van die koopsom van die GOEDERE.

31. Kragtens artikel 49(2) van Wet 12 van 1975, gee die verkoper toestemming dat lewendehawe wat deur hom op die veiling vir verkoop aangebied word, verkoop mag word saam met lewendehawe wat deur iemand anders aan die AFSLAER vir verkoop op dieselfde veilig toevertrou word.

32. Lewering van die GOEDERE geskied sodra die koper se bod ten opsigte van die goedere deur die AFSLAER aanvaar is en vanaf die moment van aanvaarding, dra die koper alle risiko ten opsigte van skade aan, verlies van of tot niet gaan van of waardevermindering van die GOEDERE, vanweë welke oorsaak ookal.

33. By lewering dra die verkoper eiendomsreg in die GOEDERE oor aan die AFSLAER, indien die koper die goedere aankoop met gebruikmaking van krediet wat die AFSLAER aan die koper verleen het, soos bedoel in 13 en 14 hierbo. Vir hierdie doel verklaar die verkoper dat deur die GOEDERE op die veiling aan te bied en verklaar die koper deur op die veiling te bie, dat by die toestaan van die bod, 'n ooreenkoms tussen die verkoper en die AFSLAER bestaan waarkragtens die eiendomsreg in die GOEDERE deur die verkoper aan die AFSLAER oorgedra word, ongeag die feit dat die koper in fisiese besit van die goedere gestel word.

34. Die koper erken en bevestig dat die AFSLAER eiendomsreg voorbehou op alle GOEDERE vir solank die koopsom, rentes en kostes nie deur die koper betaal is nie en verder as sekuriteit en ter uitvoering van hierddie verkoopsvoorwaardes en/of KOPERSOOREENKOMS sedeer en dra die koper hiermee sy/haar reg, titel en belang in al die boekskulde van sy/haar genoemde besigheid bestaande op datum hiervan, aan die AFSLAER oor.

34.1 Die koper onderneem hiermee dat hy/sy:

34.1.1 aan die AFSLAER binne 3 dae vanaf datum wat die AFSLAER 'n skriftelike versoek aan die koper rig 'n volledige lys van al die skuldenaars van sy/haar genoemde besigheid met hulle name, beroepe en adresse, die aard en bedrag van elkeen se skuld, en besonderhede van enige wissels, promesses, ooreenkomste, titelaktes of ander sekuriteite van watter aard ook al wat ten opsigte daarvan gehou word, sal voorlê, 'n verklaring wat aantoon of die skuld op ope rekening of op krediet is, en in laasgenoemde geval, die voorwaardes van sodanige krediet;

34.1.2 op aanvraag alle wissels, promesses, tjeks, titelaktes of ander sekuriteite waarna in subparagraaf 34.1.1hiervan verwys word, of sodanige as wat geëis mag word, aan die AFSLAER sal lewer, sedeer, oordra of verhandel, behoorlik geëndosseer, gesedeer, oorgedra of verhandel in sodanige vorm dat die AFSLAER die absolute eienaar daarvan sal word en geregtig sal wees om in sy eie naam betaling daarvan af te dwing;

34.1.3 te eniger tyd gedurende gewone kantoorure alle rekening-, kwitansie- en ander boeke, stukke en korrespondensie met betrekking tot genoemde boekskulde en onderhandelings wat die sedent met die skuldenaars gehad het ten opsigte van elkeen se skuld aan genoemde besigheid, aan die AFSLAER of sy gemagtigde agent beskikbaar sal stel;

34.1.4 aan die AFSLAER al die inligting betreffende genoemde skuldenaars sal gee wat redelikerwys deur die AFSLAER verlang mag word ter invordering van die bedrae wat deur elkeen van hulle verskuldig is.

34.2 Hiermee magtig die koper die AFSLAER om die skuldenare van die sessie in kennis te stel.

34.3 Die AFSLAER aanvaar hiermee genoemde sessie.

35 Die terme en voorwaardes vervat in die AFSLAER se KOPERSOOREENKOMS ('n afskrif waarvan op aanvraag by die veiling beskikbaar is) is bindend op elke koper, ongeag of hy so 'n ooreenkoms geteteken het, en deur op 'n veiling té bie, verklaar die koper hom daaraan gebonde te wees en onderneem om indien daartoe versoek, so 'n ooreenkoms op aanvraag te onderteken.

36 Elke koper moet sy volledige fisiese- en posadres aan die AFSLAER verstrek en indien hy namens 'n ander persoon, firma, vennootskap of regsperoon koop, ook die volledige adres van sy sodanige prinsipaal.

37 Indien die verkoper of die koper die AFSLAER versoek om te reël vir die bewaring van die GOEDERE en/of vir die vervoer daarvan vanaf of na die veilingsterrein, is hy verplig om die koste daaraan verbond tesame met rente soos bedoel in paragraaf 14 op aanvraag aan die AFSLAER te betaal. Indien sodanige reëlings met 'n derde getref word, doen die AFSLAER dit as agent van die koper of die verkoper en is die koper of die verkoper teenoor die derde aanspreeklik vir die tersaaklike koste. Die koper of die verkoper, na gelang van die geval, vrywaar en idemnifiseer die AFSLAER teen enige eise wat die derde teen die AFSLAER mag instel. Die reëlings, bewaring en vervoer geskied op die uitsluitlike risiko van die verkoper of die koper en die AFSLAER is nie aanspreeklik vir enige skade aan, vernietiging van, tot niet gaan van óf waardevermindering in die GOEDERE vir welke rede ookal nie.

38 Die koper is teenoor die AFSLAER aanspreeklik as medehoofskuldenaar *IN SOLIDUM* vir die betaling van die koopsom.

39 Waar die AFSLAER daarvan bewus is dat die werklike koper inderdaad 'n ander persoon, firma, vennootskap of regspersoon is wat 'n KOPERSOOREENKOMS met die AFSLAER gesluit het wat deur die bedoelde koper op die veiling verteenwoordig is, dan is daardie ander persoon, firma, vennootskap of regspersoon in iedere geval gebonde as die werklike koper, ongeag of sy naam op 'n "KOPER SE FAKTUUR" verskyn, aldan nie.

40 Dit is nie die AFSLAER se plig of verantwoordelikheid om enige dokumente soos registrasiesertifikate, permitte (ander as wat deur die Wet voorgeskryf word), dekkingssertifikate, oordragsdokumente, gesondheidssertifikate of enige ander dokument wat op die GOEDERE betrekking het, aan die koper te lewer of toe te sien of te reël vir die lewering daarvan nie.

41 Indien daar 'n verskil of botsing bestaan tussen die bepalings van hierdie REËLS en VERKOOOPSVOORWAARDES en 'n Engelse vertaling daarvan, dan geld die bepalings van hierdie REËLS en VERSKOOPSVOORWAARDES asof daar geen Engelse vertlaing daarvan bestaan nie.

Hiermee verklaar ek dat na die beste van my wete en kennis voldoen die reëls soos vervat in die dokument betreffende veilings **GEHOU DEUR ANDRé KOCK EN SEUN/SON BK** aan die vereistes soos uiteengesit in Regulasie **21.**

____________________________

**AFSLAER**